# 207. EER AAN DIE VADER

```
         D                       A       D
1.      Eer aan die Vader wat alles gemaak het;
        G             D                       A
        eer aan die Seun, ons Verlosser en Vriend;
        D                          G        D
        eer aan die Gees wat ons lei in die waarheid;
        G             D        A         D
        Yahweh Almagtig ons lof en ons lied.

               A                     E          A
Refrein:       Eer aan Yahweh! Die Skepper, God Almagtig,
               D             A             E7          A
               woon ook in ons deur Sy Woord en Sy Gees.
               D                     G            D
               Gee ons die liefde, geloof en vertroue
               G      D            A          D
               om U gehoorsame kinders te wees.

        D                       A           D
2.      Heiland, aan U al ons dank en aanbidding.
        G             D                   A
        U’t ons kom soek en van sonde gered!
        D                        G          D
        Deur U verdienste kom ons na die Vader,
        G             D        A7        D
        hoor Hy Sy kinders se lied en gebed.

        D                       A           D
3.      Wek in ons liefde, Yahweh, vir U waarheid.
        G             D                     A
        Liefde laat lewe en waarheid maak vry.
        D                        G          D
        U is die Weg, U’s die Waarheid, die Lewe.
        G           D            A7      D
        U woon in ons, laat ook ons in U bly.

        D                     A            D
4.      Maak ons, o Gees, U getroue getuies
        G             D                        A
        wat graag die koninkryks-boodskap sal dra.
        D                    G         D
        Yahweh is heilig, en ook so genadig –
        G            D              A7       D
        hul sal Hom vind wat opreg na Hom vra.
```

**D** **A** **D**
5. Yahweh is Koning, in hemel, op aarde!
**G** **D** **A**
Niks wat Sy aandag, Sy almag ontgaan.
**D** **G** **D**
Vors van die lewe, wat heers in ons harte,
**G** **D** **A7** **D**
vas bly Sy ryk tot in ewigheid staan!